Olielamp

Jaargang 18 nr 03 April 2014

REDAKSIESPAN 2014

Hoofredaktrise
Janet Pouwels

Subredaktrise
Karlien Stolper

Uitleg
Chrisna Bosker

Admin & Webtuiste
Elsabé Ros

Lid
Nicoline Anholts

Lid
Saskia Snijder

Lid
Renette Ros

Subredaktrise
Martha Hamming

Subredaktrise
Charmaine de Bruijne

Lid
Corneel Hagg

Subredaktrise
Maryke Roos

Illustrasies
Danelle van den Berg

Lid
Marijke Luijk

Lid
Herno van der Linden

Volgende Tema:

Die Nasionale Verkiesing

REDAKSIONEEL

Geagte Olielamp lesers

So breek die maand April ook aan. ‘n Kwart van 2014 is al weer verby en ons mag in dankbaarheid bely dat God ons ook tot nou toe bewaar het. Ook mag ons in hierdie maand die kruisdood en opstanding van Jesus Christus herdenk.

In hierdie maand se uitgawe sal ons sien hoe Christus se koms voorspel is in Rut se tyd. Ons mag weereens herinner word hoe die Here in Rut se lewe ingegryp het. Vanuit die boek Rut mag ons ook meer leer oor hoe ons met armes, weduwees en mense buite ons gemeenskap moet omgaan, maar ook hoe ons teenoor ons gemeentelede moet optree en omgaan. Ons mag ook leer van die ligdraers wat ons vir Christus moet wees.

Dan het die Olielamp-redaksiespan weereens ‘n verandering ondergaan. Ons moet hierdie maand totsiens sê vir Tanja Pienaar. Baie dankie vir al jou moeite die afgelope jaar. Huidiglik het ons nog nie iemand in haar plek nie.

Ons glo dat jy as Christen weereens verryk mag word deur hierdie uitgawe en meer mag leer van die Here. Mag ons elke dag aan Hom vashou en aanhou strewe om meer van Hom te leer.

Lekker lees en mag julle ‘n vreugdevolle Paasfees hê!

Groete,
Maryke Roos

Missie

Die Olielamp is daar om die Drie-enige God te eer. Dit verskaf riglyne vanuit sy Woord en versterk sodoende die leser om God deel te maak van alle aspekte van die lewe.

Die doel van die Olielamp is om te verseker dat daar kwaliteit leesstof vir die jeug en ander belangstellendes beskikbaar is. Dit gee elkeen die geleentheid om hulle opinies te lig en om hulle talente in God se Koninkryk te gebruik. Dit bevorder kommunikasie tussen verskeie Vrye Gereformeerde kerke in Suid-Afrika.

Visie

Die visie van die Olielamp is om die leser te bemoedig om ’n God-gerigte lewe te lei.

INHOUDSOPGAWE

Uit die Woord

05 *God gebruik Elimeleg se verkeerde keuse*

06 *Groot deure draai op klein skarniere*

08 *Wat doen jy met jou sak graan?*

10 *Die wette van lossing en leviraatshuwelik: hoe werk dit en hoekom?*

11 *Boas se losing wys vooruit na Christus*

Oppad

12 *Emigrasie as gevolg van swaarkry: is dit reg?*

14 *Het jou Christelike lewenswyse 'n invloed op ander?*

16 *Hoe kan ons armes en weduwees help?*

18 *'n Verhouding met iemand buite die kerk: kan dit werk?*

NGB artikel

16 *NGB Artikel 3: Die geskrewe Woord van God*

Atgesneen

23 *'n Terugblik op die postbelydeniskamp*

26 *Challenge*

God gebruik Elimeleg se verkeerde keuse

Geskryf deur: Annemarie Hordijk

Vir ontgroening by die eerste Jeugvereniging moes ons, die groentjies, ons in iemand anders se skoene plaas. Wat sou jy anders gedoen het as jy Noag was? Of Rut? Dieselfde vraag kan ons vra met Elimeleg. Wat sou jy anders gedoen het as jy Elimeleg was? Nie na Moab getrek het nie? Maar dan sou die verhaal van Rut nie afgespeel het nie! Dan sou daar vir die Christus geen wegvoorbereiding gewees het nie!

Elimeleg se keuse

Daar is hongersnood in die land Kanaän. Maar dit is nie net 'n gewone hongersnood nie. Nee, dit is God se straf op die ontrou van sy volk. Sy volk het wéér van die pad afgedwaal en Hy moes hulle terugbring. Die volk moes berou hê en tot bekering kom voordat Hy die straf sou lig. Maar sommige kies 'n ander uitweg.

Elimeleg, wat beteken 'my God is my Koning', doen nie aan sy naam gestand nie. Hy maak die keuse om weg te trek na Moab, wat een maal geweier het om Israel te help (Deuteronomium 2: 29) en hul na afgodery verlei het (Deuteronomium 23:4). Tog kies Elimeleg hierdie land om in te gaan woon. Hy moet tog vir sy gesin sorg? Hy dink kos en klere is belangriker as 'n lewe met God en sy kerk. Maar God wys ons die teendeel in Mattheus 6: 25. "Moenie julle kwel oor julle lewe – wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam – wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie?"

Elimeleg vertrou nie op God soos Hy van ons in Psalm 50:5 vra nie: "Roep my aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp en jy moet my eer." Hy vertrou eerder op mense. Elimeleg verkies om weg te vlug eerder as om berou te hê.
Is ons nie ook soms skuldig daaraan nie? Vlug ons nie eerder weg as om ons probleme in die oë te staar nie? Vertrou ons eerder op mense as op God?

Dan straf God vir Elimeleg. Hy trek na Moab om sy lewe en gesin te red, maar verloor dit daar. Hy sterf in Moab. Sy seuns, wat nog meer gesondig het en selfs vroue uit Moab vir hulle gevat het, sterf na 'n paar jaar en Naomi bly alleen met haar skoondogters agter.

God se plan

Elimeleg het sy keuse gemaak, maar dit was nie God se keuse nie (maar Hy het wel geweet dat dit gaan gebeur). Elke mens het 'n keuse vir goed en/of kwaad in hom. Hier kies Elimeleg vir die kwaad. Hy luister na Satan en doen sy wil: om Christus se koms te keer. Satan wil God se planne in die kiem smoor. Maar Satan sal nooit teen God wen nie.
Ja, God oordeel wel. Elimeleg het gesondig en word gestraf deur die dood, maar die straf bly nie vir ewig nie. God bring ook weer genade en sal sy raadsplan uitvoer. Daarom bly Naomi alleen agter. Daar is niks wat haar in Moab hou nie. Naomi trek terug na Betlehem en God hou aan sy belofte gestand dat geen geslag in Israel sal doodloop nie (Deuteronomium 25:6). Hy verskaf 'n losser, Boas. En Hy seën hulle selfs deurdat hulle 'n eervolle geslag is waaruit Jesus Christus en Dawid sal voortkom.

Elimeleg se keuse was verkeerd. God straf die keuse, maar gee ook 'n uitkoms. Al was hulle ontrou, wys God sy genade, nie net vir hulle nie, maar ook vir die hele volk, en selfs vir ons.

Bronne:

- Uit genade red die Here 'n ontroue geslag (2006). Ds. C Kleijn. Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.
- De Geschiedenis der Godsopenbaring. Ds. I. De Wolff, Ds. R. Houwen.

Groot deure draai op klein skarniere

God se voorsienigheid in Rut se lewe

Geskryf deur: Tirsa van den Berg

"Every experience God gives us, every person He puts in our lives is the perfect preparation for the future that only He can see."

In hierdie woorde van Corrie ten Boom weerklink ons geloof oor God se voorsienigheid. Of anders gesê volgens die Nederlandse Geloofsbelydenis: God laat ons nie ons eie gang gaan nie, Hy laat ons nie oor aan toeval (of *good luck*) nie, maar beheer elkeen van ons (en alles) in die wêreld op so 'n manier dat alles gebeur net soos Hy dit beplan (NGB Artikel 13).

Kan ek ooit self besluit wat ek wil doen?

Dit laat mens direk kopkrap. As dit so is, waar pas my eie besluite dan in? Kan ek dan nie self besluit wat ek wil doen nie? Is dit nie net toeval wanneer daar 'n vlieg op my neus sit nie?

Dis moeilik om presies uit te werk wat 'toevallig' is en wat God se wil vir jou is. Daarom sal mens 'vlieg-vrae' maar eers op die agtergrond moet skuif. Die een groot troos en sekerheid wat ons in die lewe het, is Jesus, en Hy het God aan ons geopenbaar as die Een wat bepaal watter haar uit jou kop val en watter mossie doodgery word (Mattheus 10:29, 30).

'n Mooi gedagte oor God se voorsienigheid of sy bepalende wil in ons lewe, is om jouself as 'n mier op 'n papier voor te stel. Dit maak nie saak na watter kant die mier loop nie, God draai die papier soos wat Hy wil sodat die mier weer in die rigting loop waarheen Hy dit bestuur. Hy is so magtig dat Hy die agt biljoen miere op sy groot papier – die wêreld – almal laat loop in die rigting wat Hy bepaal.

Rut se lewe

Ons kan sy voorsienigheid baie duidelik in Rut se lewe sien. Sy lewe in 'n aaklige tyd, 'n slegte tyd, 'n tyd waar niemand hom aan 'n ander steur nie (Rigters 21:25). Tog werk God agter die skerms, op vreemde plekke (Moab!) en vreemde maniere ('n arm heidense weduwee).

Rut en Naomi het in Betlehem gekom in die begin van die gars-oes (Rut 1:22). Dis een van die eerste voorsienighede wat 'n mens opval. Hulle is vroue sonder 'n beroep, sonder 'n man, sonder 'n huis, sonder die sekerheid van 'n warm bord kos, sonder veiligheid en sonder 'n toekomsplan (en hoe haat die meeste vroue tog onsekerheid!). En tog sien ons hier dat die God wat vooruit kan sien, deur 'n gars-oes vir die twee hulpelose vroue voorsien. Hier kan ons God se liefde en trou hoor weerklink: "Hy is ons God, die God van die gode, die Here van die here, die grote, die magtige en gedugte God wat die persoon nie aansien en geen geskenk aanneem nie; wat reg verskaf aan die weduwee en die vreemdeling liefhet en haar brood en klere gee." (Deuteronomium 10:17, 18; vergelyk ook Psalm 146: 7, 9).

Toevallig?

Ons sien verder hoe Rut 'gelukkig' op 'n stuk land afkom wat aan Boas behoort, 'en Boas het juis van Betlehem af gekom.' (Rut 2:3, 4) As 'n mens dit lees moet ons in gedagte hou dat al die tye in God se hand is (Psalm 31:16); ook Boas wat juis toe

by sy plaas opgedaag het. Dat sy gelukkig op die land kom van die losser* van haar familie is ook duidelike leiding van God!

Ons eie verantwoordelikheid

Dalk wonder jy hoe jou eie besluite by God se plan aansluit. Tereg, ons tree voor God se aangesig op: in sy aanwesigheid maak ons besluite en voer ons ons handelinge uit. Tog word ons ook dikwels in sy Woord aan ons eie verantwoordelikheid herinner. Daarom kan ons sê dat ons moet doen wat reg is (volgens sy geopenbaarde wil) en op sy voorsienigheid vertrou.

Ook bogenoemde gedagte kom in Rut se verhaal vir ons na vore: Rut was nie 'n luilak en 'n besluitelose vrou nie. Sy het die inisiatief geneem om agter die snyers aan oes in te samel! Sy het idees gehad en planne gemaak, maar dit volgens God se wil! Sy kon ook net lui wees en dink: "Wel, hier is ek nou. Ek sal bietjie met ander vrouens gaan *chat*, dalk 'n man se aandag probeer vang en bietjie sien of iemand ons met kos en klere sal help." Maar nee, sy is deugsaam (soos die vrou van Spreuke 31) en werk hard! 'n Mens sien in haar optrede nederigheid (Rut 2:7, 10), dankbaarheid (Rut 2:13), bedagsaamheid (Rut 2:18) en onselfsugtigheid; dit is die vrug van die Gees (Galasiërs 5:25)!

Sy dra die belange van haar gestorwe man (en skoonma) op haar hart deur 'n ouer man (Rut 3:10) te vra om haar losser te wees. Die gesindheid is so anders as die van ons as ons na 'n huweliksmaat soek!

In die boek Rut word daar pragtige gedeeltes van haar karakter aan ons geopenbaar. Ook hierin sien ons die Here se hand in haar hart, want net God kan iemand só vorm om 'n voorwerp tot sy eer te wees! En so voorsien Hy ook vir Boas deur 'n verstandige vrou aan hom te gee (Spreuke 19:14).

Terugslae is deel van God se plan

'n Ander belangrike gedagte met betrekking tot God se voorsienigheid word vir ons in hoofstuk 3 duidelik. Rut was toegeneë tot Boas en het gevoel hoe God haar weë met Boas se weë verbind. Al die 'toevalligheid' het haar waarskynlik laat besef dat God 'n plan met alles het. Boas was ook baie bewus van Rut (soos ons in hoofstuk 2 opmerk). Naomi was oortuig dat Boas die enigste losser is. "Maar daar is nog 'n losser nader as ek (Boas)." (Rut 3:12) Waarskynlik het Rut se hart by die aanhoor van hierdie woorde in haar skoene gesak. Dit was 'n terugslag op wat sy gedink het die pad is wat God haar vra om te loop.

Hier sien ons dat terugslae deel is van sy voorsienigheid. Dit leer ons afhanklikheid, nederigheid, geduld, vergenoegdheid en bowenal leer dit ons dat God God is en dat ons net mense is! God is nooit haastig in sy planne nie, en tog stel Hy nooit uit om iets te doen nie! Dalk het jy ook al dikwels beleef dat jy met jou hele hart die Here se wil volg, maar dat daar gereeld iets is wat verhoed dat die doel bereik word. Wat dink jy voorsien Hy aan jou deur dit toe te laat om te gebeur?

God se voorsienigheid in 'toevalligheid' sien ons ook weereens wanneer Boas na die poort gaan en "...die (ander) losser juis daar verby gaan." (Rut 4:1) Nog so 'n oomblik waar die Here sorg dat die regte persoon op die regte plek is.

'n Plek in die geslagsregister van Jesus

Wanneer jy die Bybel lees, dink jy nog na wanneer jy lees van hoe God die Skepper is van alle geleenthede en tye?

Ons mag sien hoe Rut in God se hand ontwikkel vanaf 'n heiden tot 'n vrou wat haar skuiling onder God se vleuels soek (Rut 2:12). God bou haar geloof en sy word 'n geseënde en getroude vrou. Dan gee God 'n kind en sy word 'n moeder – die verlangse moeder van ons Here Jesus Christus!

In Jesus se geslagslyn voorsien God ook vir elkeen van ons. Rut se (nuwe) skoonma is Ragab – 'n heiden wat 'n hoer was – en Rut self is 'n heiden. Die Koning van die Jode se bloed wat vanaf die kruis gedrup het, was half-heidens. So het God vir ons voorsien – elkeen heiden in bloed en hart – deur Hom in ons plek te laat sterf!
Die Here het Rut gebruik ('n klein skarnier) om die groot verlossingsdeur van Christus oop te maak.

Die Here sê ons moet "...dink aan die dinge wat [met Rut gebeur het], dat Ek God is, en daar is geen ander nie; Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal ek doen." (Jesaja 46: 9, 10)
*vir meer oor die lossingsreg sien Deuteronomium 25:5.

Bron:

Stuart Olyott: Big doors swing on small hinges. A series on the book of Ruth. 2002.
Verkrygbaar by info@nunide.org.za, www.nunide.org.za of 087 724 4002.

Wat doen jy met jou sak graan?

Is die gemeenskap van heiliges sigbaar in jou gemeente?

Geskryf deur: Jeanine Hordijk

Heidelbergse Kategismus Sondag 21; vraag en antwoord 55.

Vraag: Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges?

Antwoord: Ten eerste, dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het. Ten tweede dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend.

Ons almal besef dat gee op enige vlak regtig goed voel, maar intern is alle vorme van gee nie dieselfde nie. Wanneer ons gee met die verwagting om terug te ontvang, het ons nie regtig losgelaat wat ons gegee het nie. Ons klou steeds vas aan wat ons ook al gegee het. Wanneer jy vir 'n ander iets gee om self iets terug te verwag, dan maak jy net soos die heidene. God vra juis meer: om jou vyande lief te hê en iets weg te gee sonder om iets terug te verwag (Lukas 6: 30). Hierdie is maar net een van die aspekte van die gemeenskap van heiliges.

Jesus Christus as Bron van die gemeenskap van heiliges

Die Bron van die gemeenskap van heiliges is Jesus Christus. Dit staan ook so in die Heidelbergse Kategismus: "... dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het." Om gemeenskap met iemand te hê is om aan iemand verbonde te wees. Jy behoort aan iemand. So `n verhouding het die gelowiges met Christus en as gevolg daarvan deel ons dan in al sy skatte en gawes. Dis die wonderlike werk van Jesus Christus. As ons praat van die gemeenskap van heiliges moet ons nie ten eerste kyk na die mense rondom ons nie, maar moet ons begin om na Christus te kyk. As ons begin by die onuitputlike Bron van liefde, wat God is, dan werk dit deur in al ons verhoudings.

Baie lede van een liggaam

Daar staan in 1 Korinthiërs 12:12: "Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus." Die lede het mekaar nie self gesoek nie. Die liggaam is nie net `n optelsom van lidmate nie, maar die liggaam is iets wat God bymekaar gevoeg het. Dit is sy werk deur die werk van die Heilige Gees.

Ons is elkeen verplig om ons gawes en vermoëns tot nut en hulp van ander aan te wend soos wat daar in die tweede deel van die Heidelbergse Kategismus staan. Die gedeelte laat ons besef dat die gemeenskap van die heiliges nie iets is waar jy net iets vir jouself kan uithaal nie, maar dis die omgekeerde: jy moet iets gee. Elkeen moet sy gawes en talente gee en almal het verskillende gawes.

Gemeenskap van heiliges in Rut se tyd

Die Bybelboek Rut wys ook vir ons `n voorbeeld van die gemeenskap van die

heiliges. Rut het nie geweet waar sy die guns van ‘n boer sou ontvang vir voedsel nie. Rut 2:3 sê uitdruklik dat sy gelukkig op ’n stuk land afgekom wat aan Boas behoort het. Menslik kan dit gesien word as ’n toevalligheid, maar dit het gebeur volgens God se leiding.

Die gemeenskap van die heiliges het steeds gefunksioneer, al was dit in die tyd van die Rigters. Dit was ’n tyd van geestelike verval en selfsug: elkeen het gedoen wat goed was in sy eie oë. Die vrees van die Here was skaars. In daardie dae het God tog `n oorblyfsel bewaar: mense wat Hom met hart en siel gedien het en sy verbond bewaar het in hul daaglikse omgang. Vandag kan dit lyk asof die groepie opregte Christene min is, maar tog hou God alles in stand en sal daar altyd die gemeenskap van heiliges wees.

In die boek Rut sien ons hoe Boas geywer het vir die Here. Boas groet sy werkers met ‘n seën van die Here en hulle antwoord hom ook met: “Mag die Here u seën.” Boas praat nie net mooi woorde nie, hy sit dit ook om in dade. Tydens etenstyd nooi hy Rut om saam met die werkers te eet. Hy bied haar selfs gebraaide koring aan en die kos wat oorbly mag sy huis toe neem. Boas gee ook stilletjies vir sy werkers die opdrag om ekstra graan te laat val sodat sy voldoende het om op te tel. Boas doen baie meer as wat die wet voorskryf. Hy vervul sy roeping in liefde vir God en sy naaste. Die liefde maak hom vindingryk en vrygewig. So ervaar Rut iets van die ware gemeenskap van die heiliges.

Gee jy?

Ons sou die gee binne die gemeenskap van die heiliges kon vergelyk met saaigraan. Elkeen van die gelowiges ontvang ‘n sak graan. Die sak graan is jou gawes.

Wat gaan jy daarmee maak?
Daar is twee opsies:

1. Jy vat nie ‘n kans nie. Jy hou dit vir jouself. Jy eet dit self op.

2. Jy vat die kans. Jy strooi dit uit. Hier en daar. Jy gee wat jy het. En dan skielik dra dit vrug. Hoe meer jy saai, hoe meer sal jy oes, want God is die een wat dit laat groei.

En omgekeerd: Hoe meer jy vir jouself hou, hoe minder vrug sal dit dra. ‘n Lewe waarin jy nooit iets anders gesoek het as jou eie voordeel nie, eindig in eensaamheid. Maar iemand wat baie in die gemeenskap van die heiliges geïnvesteer het, sien tot sy eie verbasing baie daarvan terugkom. Laat ons God met so ‘n ywer dien, en ook elke dag vra hoe ons ons gawes tot nut van ander kan aanwend. Hoe kan ek met my vermoëns diensbaar wees in die kerk van Christus?

Bronne:

- God laat Rut skuiling vind onder sy vleuels (2006). Ds C Kleijn. Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.
- Christus se gemeente is `n gemeenskap van heiliges (1990). Ds FJ van Hulst.

Verjaarsdae

BAIE GELUK!

01	Rinus Luijk
02	Jan Smit
08	Carmen de Jong
14	Dalene de Vente
19	Marieke Kerkhoff
22	André Meeske
26	Marno van de Weide
26	Herno van der Linden
28	Arno Snijder

Die wette van lossing en leviraatshuwelik: hoe werk dit en hoekom?

Geskryf deur: Niek Geerts

Hoe werk die leviraatshuwelik?

'n Leviraatshuwelik is 'n verpligte huwelik tussen die broer van 'n kinderloos gestorwe man en dié se weduwee. Die woord is afgelei van die Latynse woord levir wat "broer se vrou" beteken. Een van die eerste voorbeelde wat in die Ou Testament genoem word, vind ons in Genesis 38; die geval van Juda en Tamar.

In die eerste vyf boeke van die Bybel, die Tora, gee die Here baie wette vir sy volk. In Levitikus 18 word daar vir ons huwelikswette voorgeskryf. Maar waarom 'n leviraatshuwelik? Vandag is dit gelukkig nie meer 'n instelling nie, maar in die tyd van die volk Israel was so 'n reëling nodig vir hulle behoud. Dit word vir ons uiteengesit in Deuteronomium 25. Ons gaan later meer hoor oor hoekom die Here die wet ingestel het.

As 'n man kinderloos sterf, dan mag sy vrou nie met 'n vreemde man trou nie. Wanneer 'n vrou wel met iemand buite die familie sou trou, kon hy ook aanspraak maak op die familie se erfgoed. Om die nageslag dus suiwer te hou, moes haar man se broer by haar ingaan en die swaershuwelik met haar sluit. Die vrou moes haar eersgeborene die naam gee van haar oorlede man. So is verhoed dat sy naam uit die familie se geslagsregister verdwyn.

As ons verder lees in Deuteronomium 25, hoor ons wat die gebruik is wanneer 'n man nie by sy skoonsuster 'n nageslag wil verwek nie. Soos reeds gesê is so 'n huwelik verpligtend. Indien die man onwillig is, moet die vrou die man se skoen uittrek en hom in die gesig spoeg voor die oudstes van die volk. Sy naam sal in Israel voortaan bekend staan as: die huis van die kaalvoet (Deuteronomium 25:9-10). Daar word oor die algemeen nie van die swaer verwag om te weier nie. Om so iets te weier word as selfsugtig gesien omdat dit die familie en hul erfgoed in gedrang kan bring. Die ritueel van die skoen uittrek is simbolies. Die gewoonte was dat wanneer grond in besit geneem word, die voet daarop gesit word.

Dit klink vandag vreemd in ons ore. Hoekom wou die Here dit so hê? Die Here was in die Ou Testament baie gesteld daarop dat geslagte hulle grond behou. Kyk maar na Nabot. Selfs die koning is nie toegelaat om die grond te koop nie. Al het Agab 'n groot som daarvoor gebied, het dit niks beteken nie. Die erfenis van families is belangriker as die wens van 'n koning.

Hoe werk die lossingswette?

Een van die duidelikste voorbeelde oor hoe lossingswette toegepas word, vind ons in die boek Rut. Die instelling van die wette vind ons in Levitikus.

Grond kon nooit vir altyd verkoop word nie, want die grond het aan die Here behoort (Levitikus 25:23). Dit was belangrik dat elke familie 'n losser gehad het. So iemand het uitgehelp wanneer 'n arm familielid noodgedwonge sy grond moes verkoop. So is verseker dat die grond in die familie

bly. In Rut 3 word beskryf hoe hierdie lossingswet in ‘n ritueel gestalte kry. Naomi het twee lossers gehad. Die naaste losser is aan ons onbekend. Die tweede in die ry is Boas. Boas het aangebied om te los, indien die ander losser nie wil nie.

Die vergadering vind plaas in die poort. Die poort was die bymekaarkomplek van wyses en geleerdes, maar ook van oudstes. Laasgenoemde moes die vergadering bywoon. Wanneer die losser Naomi se grond los, is hy verplig om ook Rut te neem. Dit wou hy nie, want hy wou nie sy erfdeel bederf nie (Rut 3:6). So het dit dan gebeur dat Boas alles wat aan Elimeleg, Maglon en Giljon behoort het, van Naomi gekoop het.

Destyds is ‘n ritueel gebruik om beloftes te bekragtig. Ook hier word die ritueel gebruik van die skoen uittrek. Die skoen van die gewer word uitgetrek en gegee aan die ontvanger van die besittings of grond.

Die doel van die leviraatshuwelik en lossingswette

Wat wou die Here met hierdie wette bereik? Waarvoor was dit nodig? Dit was alles ‘n maatreël om te verseker dat Christus uit Israel se nageslag gebore kon word. Kyk maar na Mattheus 1. Juda en Tamar word as voorsate van Christus genoem. Christus is die resultaat van die skande van Genesis 38, die eerste voorbeeld in die Bybel waar ‘n leviraatshuwelik plaasgevind het.

Boas se lossing wys vooruit na Christus

Ons almal ken die verhaal van Rut, die Moabitiese meisie wat haar volk verlaat het en saam met Naomi na Betlehem getrek het. Daar is sy op die ou end met ‘n ryk boer getroud. Sy naam was Boas. Dit klink soos ‘n romantiese kortverhaal wat in die Bybel opgeneem is. Tog is dit nie die geval nie, want deur hierdie boek sien ons God se werk.

Naomi en Rut was beide arm weduwees. Armes en weduwees is in die Ou Testament verstoot. Daarom het God ‘n wet opgestel sodat hulle in die volk opgeneem en versorg sal word. Dit was **die lossingswet** (Levitikus 25: 23-28). As iemand só arm word dat hy/sy hul land moes verkoop, moet die naaste bloedverwant die land koop, sodat die land in die familie sal bly en die armes nog steeds ‘n heenkome sal hê. Dit is wat die wet bepaal het.

Daar was ook ‘n ander **wet teenoor weduwees** (Deuteronomium 25: 5-7). As ‘n vrou trou en haar man sterf voordat hulle kinders gekry het, moet die man se broer met die vrou trou. Hulle eerste kind sal dan as die oorledene se kind gereken word, sodat sy naam nie uit die volk gewis word nie. As die oorledene nie ‘n broer het nie, moet die naaste familieverwant met die weduwee trou.

Boas het albei wette gehoorsaam met sy lossing (Rut 2:20; Rut 3 en 4). Hy het voorkom dat Rut en Naomi slawe word, en ook verseker dat hulle name in die volk bly. Jesus het dieselfde vir ons gedoen deur aan die kruis te sterf. Hy het ons ‘gekoop’ sodat ons nie meer slawe van die sonde en Satan is nie, en Hy het ook ons name in die Boek van die Lewe geskryf, sodat ons nie uit die uitverkore volk gewis sal word nie (Openbaring 3: 4-5).
Die lossingswet, en dan ook spesifiek Boas se lossing, is dus ‘n profetiese voorloper van Christus se verlossingswerk.

Bronne:

NIV Study Bible
Rechte Sporen. Jaargang 45.

Emigrasie as gevolg van swaarkry: is dit reg?

Geskryf deur: André de Jong

Brandstofpryse skiet omhoog. Kos word duurder. Werksgeleenthede verminder. Die prys van elektrisiteit skiet die hoogte in, maar die diens verbeter nie. Die huidige regerende party sleep die land se naam deur die modder. Christelike waardes onder die bevolking verswak. Orals om ons vind misdaad plaas. Ensovoorts, ensovoorts, ensovoorts.

Is dit dan reg wanneer Christene emigreer om uit sulke omstandighede en selfs erger te ontsnap?

Elimeleg se verhaal

Daar is hongersnood in die beloofde land. Selfs Betlehem, wat 'huis van brood' beteken, het geen brood nie. Elimeleg saam met sy vrou, Naomi, en twee seuns trek uit Betlehem op soek na beter weivelde. Hulle vlug letterlik van die swaarkry af weg, en gaan vertoef in Moab. Elimeleg doen dus wat vir ons baie voor-die-hand-liggend lyk; hy trek weg om as vader van sy huis vir sy vrou en kinders te kan sorg.

Maar alles loop nie so voorspoedig in die groen weivelde nie, want ons lees dat Elimeleg sterf. Ons weet nie of dit 'n straf van God is nie, want daar word geen rede gegee vir sy dood nie.

Elkeen van sy seuns neem Moabitiese vroue as hul eggenote, Orpa en Rut. Ons sien dus dat die seuns hulself vermeng met die heidense gewoontes en vrouens.

Maar nie lank daarna nie, toe gaan dit glad nie meer so voor die wind nie, want altwee die seuns sterf ook. Dus bly daar drie weduwees oor, waarvan slegs een uit die beloofde land gekom het en die Here ken.

Naomi hoor toe dat die hongersnood verby is, so sy maak haarself gereed om Moab saam met haar twee weduwee-skoondogters te verlaat.

Het Elimeleg reg opgetree?

God het ‘n belofte aan sy volk gemaak toe hulle dié land binnegetrek het. In Deuteronomium 28 lees ons: “As jy dan goed luister na die stem van die Here jou God ... dan sal die Here jou God jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde. Geseënd sal jy wees in die stad en geseënd sal jy wees in die veld. Die Here sal die goeie aan jou oorvloedig gee in die vrug van jou liggaam en in die vrug van jou vee en in die vrugte van jou land, in die land wat die Here aan jou vaders met ’n eed beloof het om aan jou te gee.”

Hoekom dan hierdie hongersnood? As ons verder lees, dan lees ons die volgende raak: “Maar as jy nie luister na die stem van die Here jou God ... nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal. Vervloek sal jy wees in die stad, en vervloek sal jy wees in die veld. Vervloek sal wees die vrugte van jou land.” Hierdie hongersnood wat in die beloofde land verskyn het, was nie sommer net daar nie. Hierdie hongersnood het direk van God af gekom. Die hongersnood is ‘n vloek van God vanweë die ongehoorsaamheid van sy volk.

Verder in Deuteronomium staan die stappe wat gevolg moet word indien daar so ‘n straf van God af kom. “En as al hierdie dinge oor jou kom ... en jy jou tot die Here jou God bekeer en na sy stem luister ... dan sal die Here jou God jou lot verander en Hom oor jou ontferm (Deuteronomium 30:1-3). Wat doen Elimeleg? Volg hy hierdie raad? Nee! In plaas daarvan om hom saam met die volk te verootmoedig, vlug hy weg van die swaarkry en God se straf.

Mag ons dus nie emigreer nie?

Dit beteken egter nie dat ons as Christen in vandag se tyd nie mag wegtrek of vlug as dit swaar gaan nie, want ons lewe nie soos Elimeleg in die tyd van die Ou Testament en in die beloofde land nie. Die tyd en die plek van ons bestaan het heeltemal verander, en ons val nie meer onder die belofte van die beloofde land nie.

Wat kan ons egter wel leer vanuit hierdie gedeelte, wat meer van toepassing is op vandag? Toe Elimeleg en Naomi saam met hul twee seuns uit die beloofde land getrek het, het hulle weggetrek van hul geloof, kultuur, vriende, familie en sodoende ook ondersteuning in die geloof. Toe Elimeleg sterwe, was daar geen vertroosting van familie of vriende van dieselfde kultuur of geloof nie. Die twee seuns neem vir hulle heidense vroue en vermeng hul dus ook met die heidense gewoontes. Daar was dus niemand van dieselfde geloof om toesig te hou of tug toe te pas nie. En met die afsterwe van die enigste figuur waaraan hulle moes eer betoon, gaan dinge net nog makliker. Die twee seuns sterf en weereens is daar nie vertroosting of bemoediging van hul eie volk af nie. En nog meer, daar is nie ‘n losser in die omtrek om die geslag, naam en eer van Elimeleg voort te sit nie. Hierdie dinge saam is amper swaarder as die hongersnood self.

So wat ons dalk wel in gedagte moet hou as ons wegtrek of vlug uit ‘n land waar dit swaar gaan, is dat ons wegtrek van die gemeenskap van die heiliges. Dit is tog wat die kerk is?

Wat as ek ‘n werksaanbod gekry het waar ek baie meer geld kan verdien? As jy as gevolg van finansiële nood of wat dit ook mag wees, wegtrek, trek jy weg uit die liggaam, wat die kerk is. “... ons is almal een liggaam...” (1 Korinthiërs 10:17) Wat ons kan doen is om ‘n bestemming te kies waar jy nog steeds deel kan wees van die gemeenskap van heiliges. Sonder dié gemeenskap is ons net soos Naomi in die veld van Moab as ons getref word deur beproewinge. Daar is niemand wat jou in die geloof of vanuit die Woord kan vertroos in swaar tye, of met wie jy goeie tye in die geloof kan deel nie. Daar is niemand wat jou op die regte spoor kan help as jy afdwaal nie.

Die belangrikste is dus om jouself af te vra of jy God volkome sal kan loof en prys in die gemeenskap waarheen jy wil trek. Want dit is immers waarvoor ons lewe: om God se Naam altyddeur te prys!

Het jou Christelike lewenswyse 'n invloed op ander?

Geskryf deur: Marlene Boessenkool

Wel, Naomi se lewenswyse het definitief 'n invloed op Rut gehad!

Die reis na Juda

Ná die dood van Maglon en Giljon het Naomi die gevolge gesien van Rut en Orpa se lewens as weduwees, want in die Ou Testamentiese tyd is vrouens nie toegelaat om enige eiendom te besit nie, en hulle was dus hulpeloos. Naomi moedig Rut en Orpa aan om terug te gaan na hul vaderhuise, want altwee was kinderloos en jonk genoeg om nog kinders te baar. Orpa het teruggegaan na haar vaderhuis, maar Rut het by Naomi gebly. Altwee vroue moes baie respek en liefde vir Naomi gehad het, want altwee het geween by die gedagte om Naomi te verlaat (Rut 1:14).

Naomi en Rut het na Juda gereis, waarskynlik omdat Naomi familie daar gehad het. 'n Reis in die Ou Testamentiese tyd was nie veilig nie, veral nie vir twee vrouens nie. Tog word daar nie vir ons gesê dat Naomi bang was of begin twyfel het nie. Dit wys dat sy 'n Christelike lewenswyse gehad het. Ook in Rut 1:9 en 10 lees ons dat sy die Here se seën twee maal oor Rut en Orpa uitspreek. Dit wys dat sy God liefgehad het en haar vertroue in God geplaas het.

Rut kom tot geloof

Rut, 'n Moabiet, het grootgeword deur Naomi (as skoonma) te ken en lief te hê. Naomi was 'n vriendelike en vrygewige persoon en dink duidelik aan ander se tekortkominge bo haar eie. Rut verlaat die voordele van haar vaderhuis en is lojaal teenoor Naomi, al is die toekoms onvoorspelbaar. Rut besef dat sy nie net 'n doelbewuste besluit maak teenoor Naomi se volk nie, maar ook teenoor Naomi se God. Ons weet nie of Maglon gelowig was nie; ons ken nie die omstandighede nie. Maar wat ons wel weet is dat Rut Naomi se lewenswyse wou aanneem, alhoewel sy geweet het dat dit moeilik gaan wees.

Daar word nie vir ons gesê dat Naomi Rut omgepraat het om in God te glo nie, maar dat sy in liefde vir Rut advies en berading gegee en haar só na God gelei het. Rut erken haar geloof in God in Rut 1:16-17.

In Juda aangekom

Wanneer die twee vrouens in Betlehem aankom, blyk dit dat niemand Rut en Naomi wou huisves nie. Naomi het dit nie nodig geag om Rut by haar te hou nie, al was sy oud en 'n weduwee. Nee, sy

het ingestem dat Rut by Boas (haar familie) gaan hoor of sy gars kan gaan optel.

Rut se reputasie het in Juda versprei en almal het van haar kwaliteite en lojaliteit teenoor haar skoonma gehoor. Baie mense het haar lewenswyse bewonder. Boas het ook van haar lewenswyse gehoor en was beïndruk daarmee (Rut 2:11). Hy het haar toestemming gegee om gars op te tel.

Naomi het geweet dat Boas, wat ‘n nabye familielid was, met Rut kan trou en sodoende haar man se grond weer volgens die wet kan terugkry. Sy het ook geweet dat as Rut met Boas trou, dit Rut se geloof in God kan versterk.

Naomi se wysheid het dus ‘n groot invloed op Rut gehad. Sy was ‘n goeie voorbeeld van ‘n Christelike vrou en skoonma. Rut se bewondering vir Naomi het duidelik geword deur haar lojaliteit en sorg teenoor Naomi. Deur Naomi se gewone, rustige lewenswyse het Rut van God geleer en het sy Hom aanvaar as haar God – iets wat nie sou gebeur het tydens haar huwelik met Maglon nie. Deur Naomi se kennis van God en die huwelik met ‘n Christelike man het Rut ‘n gelukkige en geseënde lewe gehad. Dit alles het God deur Naomi laat gebeur.

Maar dis nog nie al nie…

‘n Mens sou dink dat dit ‘n pragtige einde is vir ‘n hulpbehoewende weduwee wat God gevind het deur haar skoonma. Maar nie net het Rut vir God gevind en met ‘n Christen getrou nie, hulle word ook nog geseën met ‘n seun, Obed. Hy was die vader van Isai, die pa van koning Dawid. Duisende jare later is Jesus gebore as ‘n afstammeling van Obed. Rut, die eens behoeftige weduwee wat haar skoonma versorg het, word nog meer geseën deurdat sy een van die vier vroue is wat in die geslagsregister van Mattheus 1 genoem word. ‘n Vrou van Juda wat gars van die velde opgetel het verskyn in die geslagsregister van Jesus!

Ons Christelike lewenswyse het ‘n invloed op ander, net soos Rut beïnvloed is deur Naomi. So vra God jou om jou Christelike lewenswyse te gebruik om ander te beïnvloed om hulle nader aan Hom te bring. Wees meer bewus van jou dade en dink eers aan ander se belange voor jou eie. Moenie dink dat God net hooggeplaaste en belangrike mense gebruik nie; God wíl en kán jou gebruik, net soos Hy ‘n weduwee en eenvoudige garsopteller gebruik het!

Hoe kan ons die armes en weduwees help?

Geskryf deur: Nadia Mulder

Armoede en hartseer is oral om ons. Dit maak ons hartseer om mense op straat te sien, of om van mense te hoor wie se gemoed tot in hulle skoene gesak het as gevolg van hulle omstandighede. Ons staan soms en dink: Maar hoe dan nou? Wat kan ek doen om hierdie duisendes in nood te help? Ek kan mos nie álmal help nie?

Jesus sê vir ons dat ons een liggaam in Christus is. Almal - ryk, arm, elke ras, elke ouderdom - het 'n belangrike rol om te speel in hierdie liggaam. Ons kan na 'n huis vir haweloses gaan, 'n weeshuis of enige ander plek waar daar nood is, met die doel om te help, maar uiteindelik sal dit ook óns help om saam met mekaar in die liggaam van Christus te groei.

In die Bybelse tyd

Die Bybel praat duidelik oor mense wat swaarkry. "En as jou broer by jou verarm en agterraak, moet jy hom ondersteun, soos 'n vreemdeling en bywoner, dat hy by jou kan lewe. Jy moenie rente of wins van hom neem nie, maar jy moet jou God vrees, dat jou broer by jou kan lewe." (Levitikus 25: 36)

In Rut se tyd was dit baie duidelik hoe die mense aan die armes en weduwees kos voorsien het. "En as julle die opbrings van jul land oes, moet jy die kant van jou land as jy oes nie heeltemal afoes en die are wat val, nie versamel nie. Vir die arme en die vreemdeling moet jy dit laat oorbly. Ek is die HERE julle God." (Levitikus 23:22)
Rut en Naomi kon in hulle tyd van nood op Boas se lande gaan koringare optel. God het seker gemaak dat die armes in daardie tyd kos gehad het.

In die Bybel word daar ongelooflik baie aandag gegee aan hoe om na die armes om te sien en hoe belangrik dit is om ander mense te help. Deur die selfsugtige stemmetjie binne jou af te skakel en uit jou pad te gaan vir iemand in nood, sal jy ook 'n lig wees vir wie ook al jou dophou.

Vandag

In vandag se tyd werk dit 'n bietjie anders. Mense huiwer om vir hulp te vra omdat hulle bang is hulle lyk swak of hulle voel verneder in hulle situasie. Die honger mense kan nie hulself kom help aan ons oorskietkos as ons nie gewillig is om dit vir hulle te gee nie. As dissipels van God is dit ons plig om ook die armes en verdruktes te help en uit te reik na hulle.

Help waar jy kan

Nie almal is in staat om honderde of duisende mense te help nie. Indien jy by 'n uitreik, fondsinsameling, *food-drive* of enige ander geleentheid betrokke kan raak, is dit vir jou 'n geleentheid om jou dissipelskap uit te leef en 'n verskil te maak. As so iets oor jou pad kom, moenie huiwer om betrokke te raak nie.
God vra vir ons om om te sien na ons medemens. Bedelaars is tog óók jou medemens?

"Maar as ek vir die een gee moet ek vir almal gee."

Wie het so besluit? Jy kan iemand se hele dag omdraai deur hulle te help. Jy kan dalk die rede wees hoekom hulle nie vannag in die parkie hoef te slaap nie. Dit gaan oor baie meer as geld. Offer van jou ou besittings en klere op wat jy weet jy nie gaan gebruik nie, of dalk 'n broodjie of selfs 'n ou Bybel!

God sê juis: As jy wil hê, dan moet jy gee. Die wat eerste wil wees, moet laaste wees. God sal jou ryklik seën vir alles wat jy in sy Naam opoffer.

“Maar die sendelinge reik mos uit na die mense wat nie vir Jesus ken nie?”

Iemand het al die volgende vir my gesê: “Elke dag is ‘n uitreik.” Elke liewe oomblik is daar vir jou ‘n geleentheid om iemand geestelik te versterk. Moenie bang wees om hierdie geleenthede aan te gryp nie! Moenie bang wees nie, want God sal vir jou die regte woorde gee.

Dit lyk dalk moeilik om na iemand te loop en oor God te begin praat, maar dit is baie eenvoudiger as wat ons dit maak. Wees ‘n lig van Jesus vir die mense wat in die donker sit.

Waarvan die hart van vol is loop die mond van oor

Ons harte moet vol wees van Jesus! Pasop daarvoor om jou hart vol aardse dinge te prop sodat daar al hoe minder plek vir Jesus is. Mense moet jou kan uitken as ‘n ware kind van God deur na jou leefwyse te kyk. Wees die brood vir die mense wat honger is vir God se liefde!

“Wie hom ontferm oor die armes, leen aan die Here: en Hy sal hom sy weldaad vergelde.” (Spreuke 19:17)

Geestelike voedsel

Dissipelskap. Weet jy nog wat dit behels? Ons moet uitgaan en meer dissipels gaan maak! Om elke hoek en draai is daar iemand wat geestelik honger is en smag na ‘n brokkie van God se liefde. Hulle is baie nader as wat jy dink. Vat net die eerste tree na hulle kant toe.

Gebed

Gebed is die eerste en belangrikste ding wat jy kan gee vir iemand in nood. Betrek die mense rondom jou en vra hulle om saam te bid. Indien dit ‘n sensitiewe saak is, kan die kerkraad of jou Bybelstudie-groep ook betrek word om saam te bid vir hierdie nood in iemand se lewe. God hoor ons. Ons moet net tyd maak om Hom te vra om hulp. Wonderwerke is nie iets van die verlede nie! Ons moet net ons oë en ore oopmaak, dan sal ons God se wonderlike hand om elke hoek en draai raaksien! Gebed is kragtig!

“Bid sonder ophou.” (1 Thessalonicense 5:17)

‘n Verhouding met iemand buite die kerk: kan dit werk?

Maglon en Giljon het Moabitiese vrouens gehad, en dit was iets wat God ten sterkste verbied het. Maar een van hierdie vrouens het tot geloof gekom as gevolg van haar skoonma se Christelike lewenswyse, en daarvan lees ons in die boek Rut. Deesdae gebeur dit baie dat gemeentelede in verhoudings staan met iemand buite die kerk. Daar is gewoonlik baie waarskuwings wat aan daardie persoon gerig word. Dit kan inderdaad gevaarlik wees, want dit kan beteken dat jou geloof kan verslap. Maar die teenoorgestelde kan ook gebeur: jou geloof kan versterk word en daardie persoon kan nader aan God gebring word.

Werk verhoudings met iemand buite die kerk? Dit verskil van persoon tot persoon, maar God het altyd ‘n doel met alles, en daaraan hoef ons nie te twyfel nie.

Hier volg die ervarings van ‘n paar anonieme jeuglede wat op die oomblik in ‘n verhouding met iemand buite ons kerkverband staan.

1. Alles gebeur met ‘n doel

Verliefdheid is die wonderlikste gevoel. Jou hart klop teen ‘n spoed en jou gedagtes loop elke sekonde van die dag oor en oor vol van daardie spesiale persoon.

Maar dan moet ons terugkom na die realiteit. Verhoudings moet ‘n basis hê, en die basis moet God wees. Jy moet saam met daardie persoon kan praat oor die goedheid van God en oor sy almag. Dit is baie belangrik om te kan kommunikeer in verhoudings. So leer ‘n mens baie van die ander persoon.

As jy dan iemand gevind het wat byvoorbeeld in ‘n NG kerk is, hoe werk so ‘n verhouding? Ja, ons almal glo dieselfde, en daar is net een God. Maar tog kan daar heelwat verskille opduik, soos om op ‘n Sondag winkels toe te gaan vir ontspanning of om ver te ry. Al hierdie dinge is net basiese verskille wat baie maklik opgelos kan word. Die ander persoon is anders grootgemaak en is nie gewoond aan die dinge wat ons as norm aanvaar nie. Maar dis nie noodwendig slegte dinge nie. Baie paartjies werk aan die probleem en sien verandering. In ‘n verhouding moet jy bereid wees om te kan verander vir die beter. Dit verg tyd en moeite en hope geduld. Maar God sit nie iemand sonder rede op jou pad nie. Alles gebeur met ‘n doel.

2. ‘n Verhouding buite die kerk…

> “Laat niemand jou jonkheid verag nie, maar wees ‘n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid.” (1 Timotheus 4:12)

Vir baie mense is ‘n verhouding met iemand buite ons kerkverband iets wat eerder vermy moet word. Die kans dat daar dalk verskille tussen jou en die ander persoon se kerklike lewe mag ontstaan, is vir sommige mense eenvoudig iets wat eerder vermy moet word. Maar waarom doen ons nie die moeite om te verstaan waar die ander persoon vandaan kom nie?

Wanneer jy in ‘n verhouding staan met iemand wat in ‘n ander kerk is, word daar eerstens gekyk of hy/sy dieselfde glo as jy, en of daardie persoon dus ‘n medegelowige is. En dan natuurlik watter ooreenkomste daar is, en watter verskille. Dit gebeur soms dat daar ‘n mispersepsie oor ‘n ander kerk mag wees, en dat daar geoordeel word nog voordat moeite gedoen is om eintlik ondersoek in te stel wat die persoon se kerk glo en bely. Mense in die kerk kan dalk die persoon oordeel, al ken hulle die persoon glad nie (Mattheus 7: 1-6). God beveel ons om mekaar lief te hê soos wat Hy ons liefgehad het (Johannes 15: 12). Sonder voorwaardes. Sonder oordeel.

Maar wat nou gemaak as gelowiges dan van mekaar verskil oor ’n spesifieke verstaan van sekere gedeeltes? Ons kan nie dit wat ons glo op iemand afdwing nie. Wat wel belangrik is, is om te kan bepaal of ‘n bepaalde kerk of persoon se leer in die kernwaarhede van die Bybel gegrond is. Ek glo ons behoort meer te kan fokus op dit wat ons **saambind** as gelowiges, eerder as om te veel klem te probeer lê op dit wat dreig om ons onnodiglik en oppervlakkig te verdeel.
Ons kan gerus meer moeite doen om te probeer

verstaan waar mense vanuit ander kerke vandaan kom en hoekom hulle iets op 'n sekere manier verstaan. Dit beteken nie dat ons uiteindelik met hulle gaan saamstem nie, maar ten minste kan ons hulle aanvaar as medegelowiges wat net so ernstig soos ons na die waarheid soek.

Om in 'n verhouding te wees met 'n persoon vanuit 'n ander kerk, hoef glad nie 'verkeerd' of 'vreemd' te wees nie. Vanuit persoonlike ervaring is daar tye wat dit frustrerend is, in die sin dat mens nie so gereeld kerkdienste saam kan bywoon soos daar graag sou wou nie. Om saam as 'n paartjie in die geloof te kan groei, sluit dit in om saam kerkdienste by te woon. Daar is tye wat dit uitdagend is (of gaan wees), soos byvoorbeeld as hulle die vraag moet oorweeg oor waar hulle hul gaan voeg as die paartjie op trou staan. En nee, dit is nie oorwegings wat eers op 'n latere stadium aandag verg nie. Dit gaan beteken dat een van die twee persone hulle kerk gaan verlaat, om saam as paartjie God te dien in dieselfde gemeente.

Dis vir my 'n groot voorreg om in 'n verhouding te kan wees met 'n godvresende jongman, wat die Here van harte liefhet, al is hy in 'n ander kerk as waarin ek is. Ek het een keer gelees: "The right relationship will bring you closer to God." En dis presies hoe ek dit ervaar. Ek kyk so op na die manier hoe hy God vertrou met alles. Hy is verseker 'n voorbeeld vir my in die geloof. En dit gebeur dikwels dat ander kerke werklik vir ons 'n voorbeeld mag wees in die manier hoe hulle sekere goed met oorgawe doen.

kerk gaan wees nie. Dis hier waar God jou uitdaag, en van jou verwag om te kan onderskei tussen wat reg en verkeerd is. En dit kan 'n mens slegs toets deur wat die Woord aan ons openbaar.

Dit maak nie saak hoe moeilik die situasie is nie, God het 'n plan. Dalk wil Hy in jou hart kom werk… "A Christ-centered relationship is a relationship that lasts." Ek wéét God se seën is oor ons verhouding, omdat ons altwee Hom aangeneem het as ons Verlosser en Saligmaker.

> "Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie." (Mattheus 19:6)

3. My verhouding met 'n persoon in 'n ander kerk: Sou dit verkeerd wees?

In my oë maak dit nie saak of 'n mens met iemand uitgaan in 'n ander kerk nie, solank daardie persoon die Here dien op die regte manier. Inteendeel, dit leer 'n mens ook hoe ander kerke werk en hoe hulle 'n diens invul.

Ons jeug het altyd gesê ons moet nuwe mense verwelkom in ons kerk en hulle welkom laat voel. En dit is wat ek in die verhouding probeer doen. Ons verhouding werk en ons voel dieselfde oor ons geloof. Ons kan oor enigiets praat, ook oor die verskille in ons kerke, en ons verstaan albei wat van elkeen van ons vereis word.

Ek beklemtoon weer. Dit maak nie saak om 'n verhouding met iemand in 'n ander kerk te hê nie. Vertroue en eerlikheid is die belangrikste.

4. Moenie te gou oordeel nie

In jou grootwordjare kry jy gedurig die waarskuwing om tog net asseblief 'n verhouding met iemand binne die kerk te hê. As jy dan verlief raak op 'n persoon in 'n ander kerk, of wat dalk glad nie eers kerk toe gaan nie, word daar baie gou vir jou gesê om die verhouding stop te sit. Wat doen jy dan?

Ek twyfel nie vir een oomblik dat God sekere mense met 'n doel oor jou pad stuur nie, en dit is nie noodwendig moontlik dat dit altyd iemand in jou

Die mense wat gedurig die waarskuwings rig, het natuurlik goeie redes daarvoor. Iemand wat anders as jy glo, mag dalk veroorsaak dat jou geloofslewe

verslap, dat sekere beginsels verflou, en in uiterste gevalle kan dit ook veroorsaak dat jy jou kerkverband of geloof verruil vir ‘n ander.

Maar dit is ook nie altyd die geval nie. Uit ervaring het ek geleer dat my goeie Christelike opvoeding my sterk genoeg gemaak het om te kan besef wat reg en wat verkeerd is, en daarvolgens sal God my help om te bepaal wanneer ‘n verhouding gestop moet word. Ek dink dat ouers en ander opvoeders bietjie meer op hierdie goeie opvoeding moet vertrou, eerder as om dadelik die ergste te verwag en die persoon nie eers ‘n kans te gee nie, en hom dus ook nie welkom te laat voel nie. Want wat weerspieël dit in elk geval van ons kerkverband? Dat alles buite ons kerk verkeerd is? Dit is definitief hoe dit sou oorkom vir iemand wat dadelik veroordeel word.

En natuurlik ís daar baie moeilike tye in so ‘n verhouding. Dinge waaroor daar aanvanklik nie saamgestem word nie, of sekere geloofsvrae wat jy sukkel om te antwoord. Maar ek is baie dankbaar vir die dominees, my wyksouderling en ook ander gemeentelede wat altyd bereid is om vrae te beantwoord, of wat net daar is om te luister en raad te gee. Ek moet eerlikwaar sê dat, alhoewel ek baie daarteen opgesien het om my kêrel vir die eerste keer kerk toe te vat, almal hom baie welkom laat voel het, en daaroor is ek baie dankbaar.

Hy het definitief ook baie om ons te leer. Die vrae wat hy vra, die manier waarop hy lewe en die manier hoe hy oor dinge dink het ons definitief al baie geleer. Oor dinge wat ons nog altyd as vanselfsprekend aanvaar het, moet ons nou gaan nadink sodat ons ook in woorde kan verduidelik hoekom ons so daaroor dink. Ons kan baie gemaklik raak as ons gedurig net rondom ons VGK-vriende is. Maar sodra iemand van buite af kom, word ons gebombardeer met vrae oor hoekom ons dinge so doen, en ons word geforseer om op te staan vir ons geloof en dit ook uit te leef, want so ‘n persoon is baie geneig om raak te sien dat ons woorde en dade nie altyd dieselfde wys nie.

Daarom sê ek: ja, ‘n verhouding met iemand buite die kerk kan definitief werk, en partykeer bied dit selfs meer voordele as ‘n verhouding binne die kerk. Ek vra dus dat ons nie dadelik sal oordeel nie, dat ons gasvry sal wees, dat ons die persoon se vrae sal beantwoord en luister na die persoon se verhaal, sodat ons daardeur ook Christus se liefde vir die wêreld daarbuite kan uitstraal.

5. God het hom oor my pad gestuur

Om my kêrel die eerste keer saam te nooi kerk toe was stresvol. Ons Psalms gaan dalk vir hom te dooierig klink. Buitendien het hy in sy kerk se band gespeel en ons het net ‘n ou orrel! Wat gaan hy van die kerk dink? Gaan hy gemaklik voel? Ons manier by die Vrye Gereformeerde kerk volg nie juis die moderne neiging van Christenwees en kerkhou nie.

Om ‘n verhouding met iemand buite die kerk te begin, is ‘n groot besluit en dit gaan gepaard met ‘n groot verantwoordelikheid. Hy kom as vreemdeling die kerk binne en dis my verantwoordelikheid om hom te betrek en te laat tuisvoel in die gemeente. Al is ons kerklike agtergronde baie dieselfde, is daar tog verskilpunte tussen my en my kêrel: vroue in die amp, gesange, toepassing van die tug. Maar in ‘n verhouding moet ‘n mens saamstaan in die geloof, daarom moet ons sulke kwessies saam aanpak en tot ‘n vergelyk kom sodat hy uit oortuiging kan oorskuif na die VGK.

Juis deur my verhouding met iemand buite die kerk, het my eie geloof versterk. Ek het opnuut besef hoekom ek in die VGK is omdat ek daaroor moes redeneer, terwyl ek dit altyd so maklik as vanselfsprekend aanvaar het. Ek is opgeroep om ‘n voorbeeld te stel van my kerk se standpunte om hom te laat besef hoekom hy liewer kan oorskuif na die VGK as om te bly in sy gemeente waarin hy grootgeword het en al sy vriende en familie nogsteeds is.

Ek is baie dankbaar vir my verhouding met my vriend en is seker dat God hom oor my pad gestuur het, en ek glo dat met God se seën ons ‘n lang pad saam sal kan loop ten spyte van ons verskil in kerke.

NGB ARTIKEL 3: DIE GESKREWE WOORD VAN GOD

Ons bely dat hierdie Woord van God nie deur die wil van ‘n mens gestuur of voortgebring is nie, maar die heilige mense van God het dit, deur die Heilige Gees gedrywe, gespreek, soos die heilige Petrus sê. Daarna het God deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid sy knegte (die profete en apostels) beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel, en Hy self het met sy vinger die twee tafels van die wet geskrywe. Daarom noem ons sulke geskrifte die heilige en Goddelike Skrif.

66 Bybelboeke het ontstaan oor ‘n tydperk van ongeveer 1500 jaar. En hoe baie verskillende skrywers is daar nie! Die meeste skrywers het mekaar nie eers geken nie. En volgens die getuienis van die Skrif self, bely ons dat al hierdie boeke van God kom. God het dit goed gedink om Homself kenbaar te maak. Hy is ‘n sprekende God. Hy spreek deur sy Seun en deur sy Gees. So het Hy regstreeks met mense gepraat en sy woorde laat opteken. Ook al het menslike skrywers hul merk daarop gesit, is dit uiteindelik God se Woord. God het deur hulle gespreek, en spreek nou nog deur hulle.

‘n Produk van mense?

Maar vandag wil mense die Bybel net sien as ‘n produk van mense. Die Bybel word soms voorgestel as ‘n boek waarin mense hul ervarings en belewing van God wou neerskryf en oordra. Die Skrif het ‘n boek van mense oor God geword, pleks van ‘n boek wat van God kom. Die Bybel self leer ons egter die teenoorgestelde. Die inisiatief het van God uitgegaan. Die opdrag het van sy kant gekom en so het mense, in gehoorsaamheid aan daardie opdrag, die woorde van die Bybel geskryf. Petrus sê immers die volgende:

> “… terwyl julle veral dít moet weet, dat geen profesie van die Skrif ‘n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van ‘n mens voortgebring nie, maar deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.” (2 Petrus 1:19, 20)

Petrus sê nadruklik: geen profesie is ooit deur die wil van ‘n mens voortgebring nie. Ware profesie is nie mensewerk nie. Gód neem die inisiatief. Gód praat. Ons sien baie duidelik dat die profete nie uit hulleself gepraat het nie, want soms protesteer hulle heftig teen God se roeping. Hulle moes baie keer teen hulle eie wil in praat. Dink aan Moses, Jeremia, Jona en Paulus. Soms het hulle self nie eers hul woorde verstaan nie – nog ‘n aanduiding dat hulle dit nie self uitgedink het nie.

Het die skrywers soos robotte gesit en skryf?

Die Gees van Christus het dus in die profete gewerk, maar dit sluit glad nie hul eie aktiwiteit uit nie. Hulle het nie soos robotte gesit en skryf wat hulle deur ‘n stemmetjie gehoor het nie. Nee, God het elke profeet ingesluit met sy eie talente, gawes, persoonlikheid, opleiding, agtergrond, woordkeuse en styl.

Maar die Heilige Gees was die drywende, inspirerende krag agter al hul profetiese woorde en dade. Die woord ‘gedrywe’ is ‘n woord wat in die skeepvaart gebruik is vir ‘n skip wat deur die wind voortgedrywe word. Die skip gebruik die wind in die seile om hom in die regte rigting te stuur. Sonder die wind in hulle seile sou die profete stuurloos rondgedobber het. Maar die Heilige Gees het as ‘n groot krag hulle aangedryf sodat hulle God se woorde sou deurgee. Daarom kan ons sê dat God die outeur is.

Die besondere ding van profesie is dat sekere mense namens God mag en kan praat. ‘n Mens kan homself nie sommer as boodskapper van God

aangee nie. God kies persone vir die taak. Die profete is spesiaal uitgekies en uitgestuur om in God se Naam te praat. Die Heilige Gees gryp dan hul hele persoonlikheid aan sodat hulle hul met hart en siel aan hulle goddelike roeping wy. Dis die teenwoordigheid van God se Heilige Gees wat mense tot woordvoerders van God maak.

Die skriftelike vaslegging

Dit is opvallend hoe daar met nadruk bely word dat ook die skriftelike vaslegging nie die werk van mense was nie, maar van God self. Die gesproke woord is nie vasgelê omdat mense gedink het dis die moeite werd nie. Nee, die diepste en eintlike rede dat God se Woord op skrif gestel is, is God se besondere sorg vir ons en ons saligheid.

In 2 Timotheus 3:15 en 16 sê Paulus dat die heilige Skrif deur God ingegee (geïnspireer) is. Letterlik word gesê: deur God uitgeblaas. Om te praat moet jy jou asem gebruik: jou woorde is jou asem. So is die Skrif die asem van God. God het die Woord deur sy asem tot stand gebring. God het die menslike skrywers so gelei dat hulle die dinge op skrif gestel het soos Hy dit wou hê.

God se groot genade

Dis alreeds so wonderlik dat God gespreek het. Maar dis nog wonderliker dat Hy sy gesproke woord op skrif laat stel het. Hy weet immers hoe swak ons is en hoe vinnig ons kan vergeet om die waarheid vas te hou. Iets wat neergeskryf is, is duursamer. Dit bly daar vir komende geslagte, ook ná die dood van die skrywer. ‘n Geskrewe dokument is ook meer betroubaar. Deur mondelinge oordrag kan die waarheid baie makliker vervals word deur dinge toe te voeg of weg te laat.

Eeue gelede het God reeds aan ons en ons saligheid gedink. Soos die apostel Johannes skryf:

> “… maar hierdie (tekens van Jesus) is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam.” (Johannes 20:31)

Of soos Paulus skrywe:

> “Maar al hierdie dinge het hulle (die Israeliete) oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as ‘n waarskuwing aan ons...” (1 Korinthiërs 10:11)

Alles wat God in die Ou en Nuwe Testament laat skryf het, is deel van God se besondere sorg vir my en my saligheid. Wat ‘n liefde, genade en sorg. Sy sorg vir my het nie net begin toe ek gebore is nie, maar reeds eeue voor dit. God het tóé reeds geweet wat ek vandag nodig sou hê. Die Here het groot sorg aan die dag gelê om te verseker dat sy woorde reg oorkom en reg verstaan word. Dit is ook aan sy sorg te danke dat die woorde oor die eeue heen bewaar gebly het. My God gee werklik om vir my. Noudat God hierdie woord vir my op skrif laat stel het, sou ek Hom nie loof en prys nie? Sou ek die Bybel dan nie as ‘n skat bewaar nie? Sou ek dit dan nie lees en oordink nie?

Bronne:

- Preek van ds Kleijn. 31 Julie 2005. NGB artikel 3 en 4.
- Die Woord voor die ja-woord. Ds Egbert Brink. 2009.

'n Terugblik op die postbelydeniskamp
Vir wie stem jy?

Ons almal weet van die naderende verkiesing. 7 Mei 2014. En die brandende vraag is: vir wie gaan jý stem?
Maar ten eerste is die vraag: "Moet 'n Christen wel stem?" Natuurlik. Ons is tereg nie van die wêreld nie, maar wel in die wêreld en daarom het ons die belangrike roeping om ons lig ook in ons politieke siening en keuse te laat skyn.
Dit was dan ook die deurlopende tema van die postbelydeniskamp wat van Vrydag 28 Februarie tot Saterdag 1 Maart deur dominees Drijfhout en Boon gereël is, op die Kamp Reynard kampterrein.

Die kamp het afgeskop met 'n groot *bonfire* en heerlike kos. Nadat almal drupsgewys hulle karre parkeer het en 'n bed vir die aand gekies het, het ons in die saal bymekaargekom.

Oom Willie Spies het ons sommer dadelik gekonfronteer met die vraag vir wie ons gaan stem. Die uitslae het gewissel tussen stemme vir die DA, ACDP, VF+ en 'ek weet nie'. Aan die hand daarvan het ons na die huidige politieke situasie in Suid-Afrika en die Christen se rol hierin gekyk. (Hierdie artikel gaan nie uitbrei oor die verskillende lesings nie, aangesien verkorte weergawes van die lesings in die volgende uitgawe sal verskyn. Die volgende uitgawe se tema is 'Die Nasionale Verkiesing'.)

Na 'n pouse met heerlike nagereg het ons na oom Rob van der Kooy se lesing geluister wat gehandel het oor die politieke landskap van Suid-Afrika. Oom Rob het op 'n kleurryke manier die situasie en toekoms in Suid-Afrika geskets en afgesluit met die uitdaging: "As jy van *riverrafting* hou, bly hier, want die stroom gaan draai."

Ons wou natuurlik ook ons bene rek en dié wat verlede jaar by die kamp was, het sommer gou weer die pad berg toe gevind, waar ons almal uitgestrek op die rotse gelê het en van mekaar, die baie sterre, die uitsig en die stilte geniet het.

Vir sommiges was die pad kamp toe reguit bed toe, maar ander het nog tot laataand langs die knetterende vuur warm geword en gesels.

Vroegoggend was ons egter weer uit die vere. Ons het die kans gekry om persoonlike bybelstudie in die natuur te doen en ons moes 'n teksvers kry wat aansluit by die huidige politieke situasie in ons land. Dit was 'n oomblik van stilte en besinning. Dit was ook baie verrykend om tydens die terugvoersessie te sien hoe baie gedagtes daar in verband met politiek in die Bybel staan.

Na 'n heerlike spek, eiers, jogurt en vrugteslaai ontbyt het elkeen koers gekies na die werkswinkel van sy keuse. Ds. Drijfhout het gesels oor 'Ek hou nie van die regering nie', Oom Rob van der Kooy oor 'Ry of bly (Emigreer of bly)' en oom Klaas van der Kooi oor 'Kan ek plaaslik 'n verskil maak?' Al die werkswinkels was leersaam en ons hoop om in die volgende uitgawe meer daaroor te vertel.

Ons het die kamp afgesluit met heerlike middagete, saam gesels en terugvoer gee. Ons almal wat daar was, het dit baie geniet en hoop om binnekort weer met so 'n kamp verryk te mag word. Dit is 'n genade dat ons as jeug so saam mag dink, saam uitgedaag mag word en saam God mag dien!

Immortal, invisible, God only wise

Immortal, invisible, God only wise,
In light inaccessible hid from our eyes,
Most blessed, most glorious, the Ancient of Days,
Almighty, victorious, Thy great name we praise.

Unresting, unhasting, and silent as light,
Nor wanting, nor wasting, Thou rulest in might;
Thy justice like mountains high soaring above
Thy clouds which are fountains of goodness and love.

To all life Thou givest, to both great and small;
In all life Thou livest, the true life of all;
We blossom and flourish as leaves on the tree,
And wither and perish, but nought changeth Thee.

Great Father of Glory, pure Father of Light
Thine angels adore Thee, all veiling their sight;
All laud we would render, O help us to see:
'Tis only the splendor of light hideth Thee.

Immortal, invisible, God only wise,
In light inaccessible hid from our eyes,
Most blessed, most glorious, the Ancient of Days,
Almighty, victorious, Thy great name we praise.
Walter Chalmers Smith (1824-1908)

Reën

Toe die eerste reëndruppels begin val, stap ek uit die winkelsentrum uit. Ek is moeg en al wat my staande hou is Mugg & Bean se cappuccino wat ek tydens die vergadering gedrink het.

Ek grawe in my handsak en sukkel om in die donkerte ‘n paar los munte en ‘n peer op te spoor, maar ek kry dit. Die natgereënde parkeerwag hardloop nader en neem dit wat ek na hom uithou glimlaggend aan, maar in sy oë lyk dit nog donkerder as die nag om my. Dankbaar spring ek in my kar. Buiten ‘n paar druppels is ek droog, maar net toe ek die ligte aanskakel, val die druppels in vlae uit die hemel en die wolke rammel hier naby. Ek trek weg en sien in my truspieëltjie hoe die parkeerwag tevergeefs onder die skeefgewaaide boom skuil.

Die straatligte is af en ek sukkel om tussen die lyne te bly. ‘n Blits skeur deur die wolkemassa, gevolg deur ‘n harde slag. Die ruitveërs kan nie vinnig genoeg beweeg om die ruit skoon te hou nie en ek begin benoud word, maar dan onthou ek Wie groter is as die donderweer. “Here,” bid ek, “wees asseblief vanaand my ligte en hou my stuurwiel vir my vas.” ‘n Kalmte omvou my soos ‘n warm kombers en teen 30 km/h ry ek voort. Gelukkig kom ry ‘n kar voor my. Bly oor die voorsiening, volg ek die rooi stertligte.

Saam met die oorverdowende gekletter op die kar, raas my gedagtes. Die vergadering het net nóg items in my dagboek geplaas en buiten my werk en studies is daar ook nog kerkverantwoordelikhede. “Here, ek is so besig.” En stilletjies dink ek dat ek maar ‘n streep deur die kerkaktiwiteite gaan trek.

Ek ry veilig onder die wolk uit en dink die res van die pad aan al my probleme en uitdagings. “Daar is so baie om te doen en so min tyd. My lysie word net langer en die druk word te veel. En as ek bid, dan kry ek nie eers oplossings nie.”
Tien minute later stop ek voor die hek. Ek is veilig tuis en binne wag ‘n heerlike bord kos, ‘n warm bed en my gesin. ‘n Blits verlig die nag en meteens sien ek helder voor my die oë van die parkeerwag. En dan die winkelstoepslapers met net ‘n kombers as aardse besitting. Ek het so baie, dink ek.

En dit tref my soos ‘n donderslag op ‘n helder dag. Here, ek is ondankbaar. Ek het soveel en U bewaar my selfs as ek U vra. Maar ek het nie tyd vir U nie. Ek is te besig vir U! Hoe besig is U dan nie? U, Heerser van die heelal; en tog het U tyd vir my?

Buite kom die maan agter die wolke uit en ek buig vooroor, my kop op die stuurwiel. “Here, ek is jammer.” Die stilte maak my nie bang nie, want ek weet Hy luister; selfs in die stormreën kon Hy dan hoor! “Wees U asseblief die lig wat ek in die donker nag mag volg, wees U asseblief die hand wat my lewe bestuur sodat ek tyd kan hê vir U en leer my asseblief om my seëninge te tel, want dit val soos reën om my heen.”

Challenge

Rut is ‘n boek van hoop, wat getuig van ‘n vrou wat haar volle vertroue by God vind en ‘n man wat God se Woord naleef. Eers het ek gedink dat die Challenge baie uitdagend gaan wees, want as ons aan die boek Rut dink, dan dink ons direk aan ‘n vrou, en wat kan ‘n man nou uit dit leer?

Maar nee, my redenasie is verkeerd. Hierdie boek is net so belangrik vir ons eie saligheid soos enige ander Bybelboek, hetsy vir man of vrou.

Week 1
Lees: Rut 1
Selfondersoek:
1. Is ek ook ‘n Elimeleg? Is my vertroue ook so klein dat ek nie vir God wag nie, maar eerder die leisels in eie hande neem?

2. Dink jouself nou vir een oomblik in Rut se skoene in. Sal jy ook vandag kan sê: “U volk is my volk en u God is my God...” en vervolgens jou land en familie agterlaat om ‘n ‘vreemde’ (maar ware) God te dien? Is ons geloof vandag nog so sterk?

Om te doen: Maak vir jouself ‘n Bybelstudieboekie of gebruik jou bestaande boekie en skryf daarin neer wat jou keer om op God te vertrou. Werk daarby ‘n plan uit vir die komende week hoe om dit op te los.

Byvoorbeeld: Ek is soos Naomi. Ek is bitter omdat dit voel asof God nooit my gebede verhoor nie.
Ek gaan daaraan werk deur elke dag vyf nuwe dinge in my Bybelstudieboek te lys waarvoor ek dankbaar is.

Week 2
Lees: Rut 2
Vir ouens: Boas is die voorbeeld van ‘n man wat God se wette volg. Wanneer hy Rut nader is dit nie *love at first sight* nie, maar eerder ‘n ‘omgee-liefde’ vir ‘n weduwee (vanuit God se wet).

Gaan lees in die Bybel oor die man se verantwoordelikheid (Efesiërs 5:22 e.v.; 1 Petrus 3:7; Kolossense 3:19; 1 Timotheus 3:3-5; 1 Petrus 5:1-5).

Spring die week aan die werk, behandel meisies as jou suster in geloof met alle reinheid (1 Timotheus 5:2b) en sien elke meisie deur Christus se oë. Kom op vir die swakkes en sorg dat jy met jou manlike verantwoordelikheid Christus se liefde uitstraal. (Vir meer hieroor, besoek: http://www.bible.ca/f-husbands-responsibility.htm)

Vir meisies: Rut was nie traag om te werk nie; sy was nie ‘n kletskous en skinderbek nie. Sy het aan die werk gespring volgens God se wette en na haar skoonmoeder omgesien.

Gaan lees meer oor die meisie se taak (Spreuke 31: 10-31; Spreuke 7:10 & 18-29; 1 Timotheus 2:9; 1 Petrus 3:4).

Spring aan die werk hierdie week, wees ‘n sagmoedige vrou, iemand wat nie terugstaan vir werk nie, iemand wat in alles op God vertrou, iemand wat sorg vir haar medemens. Doen dit bowenal vir die Here, want jou taak as vrou is nie minder as die man se leidinggewende taak nie. (Vir meer hieroor, besoek: http://www.crosswalk.com/family/marriage/traits-of-a-godly-wife-11577974.html)

Week 3

Lees: Rut 3

Rut is nie die geëmansipeerde vrou in hierdie hoofstuk nie. Sy soek gewoon God se wil en wette en volg daarom ook die lossingswet deur Boas te besoek. Let ook op dat sy Boas nie verlei nie, maar slegs kom om hom in kennis te stel van sy verantwoordelikheid. Ons sien in die hoofstuk hoe twee mense hulle eie wil en eie lewe aan God se wette onderskik.



Die uitdaging hierdie week is dus om ‘n mooi klip te gaan soek en op jou bedkassie te sit. Laat dit jou herinner aan God se wet wat eerste in ons almal se lewe moet staan. Laat dit jou ook herinner dat jy jou lewe om die Rots, Christus, wil bou en jou wil aan syne wil onderwerp.

Laat dit egter nie net in jou kamer bly nie, maar gaan hierdie week en vertel vir een persoon hoe goed God se wet is en gee ook vir hom ‘n klip om hom te herinner aan God se wet en dat ons op Hom mag bou.

Week 4

Lees: Rut 4

Ons sien in hoofstuk 4 hoe die Here dié wat Hom vrees, seën. Maar mooier nog is dat Hy ook deur Rut die Verlosser skenk. Sy Seun word deur heidense bloed gebore sodat Hy ons almal (heidene) kan red. Skryf nou op jou klip die woord ‘Christus’ met nog vyf ander name wat aan Hom in die Bybel gegee is.

Gee dan hierdie klip aan dieselfde persoon as in week 3 en vertel Hom dat Christus gekom het om die wet wat ons nie kan nakom nie, te vervul en dat ons (net soos Boas en Rut) deur Christus alleen kan leef en dat Hy die rots van ons heil is!